# 34. SAALOPENING: Keuses – Laerskool

## Ysbreker:

Kry ‘n paar kinders om saam met jou “Follow the leader” te speel. Doen ‘n paar ‘gewone’ goed wat aanvaarbaar is, en dink dan aan ‘n paar wat bietjie meer ‘gewaagd’ is.

## Gesels oor die ysbreker:

1. Was dit lekker om saam met my ‘follow the leader’ te speel?
2. Was daar van die goed wat julle saam met my moes doen wat julle nie eintlik van gehou het om te doen nie?
3. Watter was dit, en hoekom het julle nie daarvan gehou nie?
4. Moet ‘n mens goed doen net omdat ander dit doen, of sê jy dit moet doen, al weet jy dis nie eintlik reg nie?

## Storie: Om reg te kies is nie altyd maklik nie

Sunja was ‘n dogtertjie wat in ‘n dorpie naby aan ‘n groot woud gebly het. Die woud was vol mooi en wonderlike goed, en sy het daarvan gehou om elke middag na skool daar te gaan speel. Een middag het sy gehoor hoe iemand in die dorpie vreeslik gil. Iemand in die dorpie het die gevreesde tier gesien!!

Sy het al baie die stories oor die tier gehoor wat in die woud bly, maar niemand het hom nog gesien vandat sy gebore is nie. Baie mense het vertel hoe groot en wreed hy was, maar min het hom nog ooit gesien, behalwe haar pa toe hy ‘n klein seuntjie was.

Later die aand het haar pa met hulle hele familie gepraat en vir hulle vertel hoe gevaarlik die tier was. Hy het geweet dat baie mense hom nie geglo het nie, maar hy het geweet hoe gevaarlik die tier was. Niemand mag meer in die woud gaan speel het nie, ook nie Sunja wat so lief vir die woud was nie.

‘n Week na die tier naby die dorpie gesien het, het Sunja se vriende besluit om in die poel in woud te gaan swem. Hulle het haar saamgenooi maar Sunja het haar pa se stories oor die tier onthou en wou nie saamgaan nie. Haar vriende het met haar gespot en gesê dat sy ‘n bangboek was, maar Sunja het nie van plan verander nie.

Hoe meer sy hulle probeer oorreed het om NIE te gaan nie, hoe meer het hulle haar gespot. Haar vriende is toe later die woud in terwyl haar hart baie seer was omdat sy nie kon saamgaan nie.

Ek glo julle kan raai wat volgende gebeur het? Sunja het nog so in die stof buite haar huis gesit en speel, en baie jammer vir haarself gevoel toe haar vriende skreeuend uit die woud gehardloop kom. Die volgende oomblik het die groot tier wat niemand geglo het bestaan nie, by die ingang van die woud gestaan.

Sunja se pa en broers het in ‘n kring met stokke om haar gaan staan, reg om die tier te slaan as hy naby hulle sou kom. Die tier het hulle net een kyk gegee en omgedraai, terug die bosse in.

## Keuses:

Ons moet elke dag oor ‘n klomp goed besluit. Ons noem dit KEUSES!

Party keuses is maklik, en ons dink nie eintlik daaroor nie, ons doen dit net bv. om jou hare te kam, jou tande te borsel, op te staan om skool toe te gaan ens.

Hierdie is die MAKLIKE keuses wat ons elke dag moet maak, maar daar is ook elke dag ‘n klomp moeilike keuses wat NIE so maklik is nie.

Sunja het ‘n baie moeilike keuse gehad om te maak. Sy wou BAIE graag saam met haar maatjies gaan om in die woud te gaan swem, maar sy het ook onthou dat haar pa gesê het sy mag nie. Hierdie was nie ‘n maklike keuse om te maak nie, want sy het baie van speel in die woud gehou, en haar maatjies het haar gespot omdat sy NIE wou saamgaan nie.

Maar Sunja het die regte keuse gemaak deur na haar pa te luister, want dit het haar veilig gehou.

## Voorbeelde:

Kom ons kyk gou na ‘n paar voorbeelde van moeilike keuses wat julle dalk mag hê:

- As ‘n maatjie jou vra om iets verkeerd saam met hulle te doen.
- As jy vir mamma jok en sê jy’t jou huiswerk klaar gedoen, net sodat jy kan gaan speel.
- As jy moet kies of jy ‘n juffrou gaan vertel dat iemand geboelie word.

## Toepassing:

Dis nie altyd maklik om REG te kies nie, want soos julle weet het keuses, gevolge. Dit beteken dat as jy verkeerd kies jy gestraf kan word, of dat iemand kan seerkry.

As jy sukkel om reg te kies probeer aan die volgende dink om jou te help:

- Hoe sal jy voel as iemand dit aan jou doen?

- Voel jy ‘lekker’ hier binne oor dit wat jy gaan doen, of is jy bang iemand gaan uitvind en jy gaan in die moeilikheid daaroor kom?
- Gaan dit iemand seermaak? (ook vir jou)
- Wat sal mamma / pappa of juffrou sê oor dit wat jy gaan doen?

## Wat sê die Bybel oor keuses maak?

Spreuke 3:5-6 (Die Boodskap) Moenie dink jy weet altyd die beste nie. Begin eerder elke dag weer van voor af om die Here lief te hê. En los tog al die slegte en verkeerde dinge. Vertel die Here alles waaroor jy dink, alles wat jy wil doen. Dan sal jy sien hoe Hy jou help.

Ons moet God vra om ons te help om goeie keuses te maak, want Hy belowe dat Hy ons sal help as ons Hom vra.

## Sluit af met gebed

## Hulpbronne:

Hieronder is die skakel na ‘n baie oulike les wat jy in die klas met jou kinders kan doen oor keuses. Daar is heelwat vragies asook aktiwiteite wat jy vir vaslegging kan doen:

https://www.goodcharacter.com/elementaryschool/doing-the-right-thing/